

LES 12: DIE VERANDERING VAN DIE PRIESTERSKAP

Die Ou en Nuwe Testament bevat onderskeidelik die Ou en Nuwe Verbond. Vanuit die Skrif word bewys dat daar drie elemente in 'n verbondsverhouding is wat nooit verander nie, naamlik:

- 1) Die mense, wat verwys na die Israeliete;
- 2) Die land, wat verwys na die fisiese land van Israel; en
- 3) Die Torah, met ander woorde, die Wet van Yahweh.

Heb 8:7 Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.

Heb 8:8 Want Hy berisp hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,

Heb 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek Yahweh.

Heb 8:10 Want dit is die verbond wat Ek na die dae sal sluit met die huis van Israel, spreek Yahweh: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

12.1 Wat was die probleem met die Ou Verbond?

Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring,

Yahweh se Torah is volmaak. Die enigste probleem met die Torah was die Israeliete se onvermoë om die Torah te onderhou. Die Torah leer 'n mens wat reg en verkeerd is, maar dit kan ons nie forseer om die regte besluit te neem nie.

12.1.1 Die probleem in die tuin van Eden.

In die Tuin van Eden was alles perfek. Daar was geen onkruid of wilde diere nie. Daar was geen siekte, sonde of die verbreking van die Torah nie (Ons moet doelgerig streef om die perfekte omstandighede van Eden te bereik). Alhoewel die tuin van Eden 'n werklike, fisiese plek was (in Jerusalem geleë) was dit ook 'n toestand van perfeksie. Daardie perfekte toestand of perfekte omgewing moet geskep word om binne die perfekte wil van Yahweh te leef. Die toestand kan slegs bereik word deur geloof en gehoorsaamheid aan die letter en bedoeling van elke wet wat Yahweh vir ons eie beswil daargestel het. In hierdie volmaakte omgewing van Eden was daar ook geen dood of moord nie. Eden was 'n letterlike plek, maar dit was ook 'n ewige instelling. Soos reeds gesê was daar geen moord en dood nie, met ander woorde, geen diere offers was nodig nie.

12.2 Yahshua was die eerste Hoëpriester wat 'n dier moes doodmaak om 'n offer vir sonde te doen.

Gen 3:21 En Yahweh Elohim het vir die mens en sy vrou rokke (kledingstukke) van vel gemaak en hulle dit aangetrek.

*Gen 3:22 Toe se Yahweh Elohim: Nou het die mens geword **soos een van Ons** deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie!*

Dit is duidelik vanuit vers 22 dat daar twee Opperste wesens is; Yah Yahweh die Vader en Yahshua Yahweh, die Seun. Dit was Yahshua Yahweh, die Seun, wat as Hoëpriester ingetree het om die offer te doen. Alreeds hier, net na die Skepping, het Hy die presedent geskep dat daar geen vergifnis van sonde is sonder die vergieting van bloed nie.

Lev 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel.

Die Levitiese priesterskap, met die offer sisteem en seremoniële wette wat daarmee gepaard gegaan het, was teen die voet van die Sinai berg by die Torah gevoeg as gevolg van die Israeliete se sonde. In die perfekte omgewing van Eden was sonde nie teenwoordig nie, want dit was nie deel van die Vader se wil vir die mens nie. Die offer sisteem en seremoniële wette was later bygevoeg as 'n tydelike maatreël om die Israelitiese volk jaarliks in verbondsverhouding te hou, totdat hul sondes heeltemal verwyder en volkome betaal kon word deur die offer van Messias. Die woord "offer" het die konnotasie dat jy iets opgee of prysgee, maar in Hebreeuse beteken dit letterlik om nader aan Elohim te beweeg.

Gal 3:19 Wat beteken die wet dan? Dit is bygevoeg weens die oortredinge, totdat die saad aan wie die belofte gedoen is, sou kom; en dit is deur engele beskik deur tussenkoms van 'n bemiddelaar.

Die bemiddelaar was die Levitiese priesterskap, ingestel na die goue kalf insident by die Sinai berg. Sommige mense glo en wil ander oortuig dat hierdie teks bewys dat die hele Torah tot niet gemaak was met die koms van Messias, maar hierdie verse kan nie van die Torah praat nie; dit was nie die hele Torah wat by die Sinai berg bygevoeg was nie. Die Torah was alreeds 'n instelling by die Skepping in die Tuin van Eden.

*Gal 3:17 Maar ek sê dít: die **wet wat vier honderd en dertig jaar later gekom het**, maak die **verbond** wat deur Elohim in Messias vantevore bekragtig is, **nie kragteloos** om die belofte tot niet te maak **nie**.*

Galasiërs 3:17 bevestig dat Yahweh 'n verbond met Abraham bekragtig het en dat die Levitiese priesterskap en die wet van seremoniële sonde offers eers 430 jaar later bygevoeg was!

Na die val van Adam en Eva in die tuin van Eden was daar geprofeteer (*Gen 3:15*) dat Yahweh 'n Messias sou stuur om hulle te verlos, sodat hulle kon terugkeer na waar Yahweh fisies teenwoordig was.

Gen 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Galasiërs 3:17 verwys na die Levitiese priesterskap, 'n tydelike maatreël ingestel sodat die belofte wat Yahweh aan die mens in *Genesis 3:15* gemaak het nie gekanselleer sou word nie. Yahweh het die belofte in *Genesis 3:15* gestand gedoen deur die Messias te stuur wat die mensdom verlos het.

12.3 Abraham en die Torah

Gen 26:5 omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooië, my insettinge en my wette (Torah) onderhou het.

Dit is duidelik dat Abraham die Torah onderhou het en dat dit nie die perfekte Torah was wat 430 jaar later by die Sinai berg bygevoeg was nie. Die Hebreeuse woord vir "onderhou" beteken eintlik om te waak en te beskerm, met ander woorde, die Torah was tot Abraham se beskikking en het hom in staat gestel om daarteen te waak en dit te beskerm. Abraham het die Torah aan sy seun Isak geleer, Isak het dit aan sy seun Jakob oorgedra en Jakob het dit weer aan sy 12 seuns, die 12 stamme van Israel, geleer. Terwyl die stamme van Israel in Egipte woonagtig was het hulle die Torah verloor; daarom moes Yahweh dit weer by die Sinai berg herimplementeer.

12.4 Die totstandkoming van die Levitiese priesterskap aan die voet van die Sinai berg

Ons het nou vasgestel dat die enigste wet wat 430 jaar later by Torah bygevoeg was, was die Levitiese priesterskap met al die diere offers en seremoniële wette van rituele onreinheid, bygevoeg as gevolg van die Israeliete se oortredinge. Die Tuin van Eden was perfek; totdat Adam en Eva gesondig het. Yahshua moes as Hoëpriester hul sondes dek deur die vergieting van die bloed van 'n dier. Yahweh se plan was nie dat Levi as bemiddelaar vir hulself en die ander 11

stamme moes dien nie. Van die begin af het Abba bedoel dat al twaalf stamme 'n koninkryk van priesters vir Hom moes wees. Die goue kalf insident het hierdie voorneme verander.

Eks 19:5 As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.

Eks 19:6 En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.

Daar is net een ware bemiddelaar, wat sonde kan wegneem, en dit is Yahshua. Die Levitiese priesterskap was ingestel om as tydelike bemiddelaar onder die Ou Verbond op te tree, om versoening te doen vir die Israëliete se sondes wat slegs van jaar tot jaar bedek kon word, sodat die verbondsooreenkoms kon voortgaan totdat Yahshua sou kom om die straf van die Israëliete se sondes te betaal en dit verewig te verwyder deur Sy gestorte bloed (Num 3:5-13).

Num 3:11 En Yahweh het met Moses gespreek en gesê:

Num 3:12 Kyk, Ek self het die Leviete geneem onder die kinders van Israel uit in die plek van al die eersgeborenes wat die moederskoot open, uit die kinders van Israel, dat die Leviete myne kan wees.

Num 8:14 En jy moet die Leviete onder die kinders van Israel uit afsonder, dat die Leviet myne kan wees.

Num 8:15 En daarna moet die Leviete inkom om die tent van samekoms te bedien. So moet jy hulle dan reinig en hulle as beweegoffer beweeg.

Num 8:16 Want hulle is heeltemal aan My gegee onder die kinders van Israel uit, in die plek van alles wat die moederskoot open—al die eersgeborenes uit die kinders van Israel—het Ek hulle vir My geneem.

Num 8:17 Want al die eersgeborenes onder die kinders van Israel is myne, van mense en van diere; op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Egipteland getref het, het Ek hulle vir My geheilig.

Num 8:18 En Ek het die Leviete in die plek van al die eersgeborenes onder die kinders van Israel geneem

Num 8:19 en die Leviete gegee—hulle is gegee aan Aäron en sy seuns onder die kinders van Israel uit om die dienswerk van die kinders van Israel in die tent van samekoms te verrig en om vir die kinders van Israel versoening te doen, sodat daar geen plaag mag wees onder die kinders van Israel as die kinders van Israel na die heiligdom aankom nie.

Die skrifgedeeltes bevestig dat Levi 'n bemiddelaar tussen die kinders van Israel en Yahweh was, maar dit was nie oorspronklik so bedoel nie. In *Eksodus 19:5-6* het Yahweh bepaal dat elke familiehoof 'n priester vir sy eie familie moes wees en dat slegs Yahshua, die Messias en Ewige Seun van Yahweh, werklik die straf vir Israel se sondes sou betaal.

Volgens *Gal 3:17-20* was die Levitiese priesterskap, met al sy offers en seremoniële wette, slegs geïmplementeer totdat Yahshua sou voldoen aan die ooreenkoms vir die straf van die sonde wat gepleeg was onder die Eerste Testament en die opstel van die Nuwe Verbond wat sou toelaat dat Sy bloedoffer heeltemal vir die sonde, onder die Eerste Verbond gepleeg, te betaal en dit verewig verwyder. Alle gelowiges in die Nuwe Verbond word beskou as eerstelinge, daarom is daar geen behoefte vir 'n bemiddelaar soos Levi wat oor die ander stamme aangestel was nie. Dit was Yahweh se oorspronklike bedoeling dat almal 'n koninkryk van priesters sal wees met die enigste Bemiddelaar, Yahshua; nie Levitiese priesters nie.

Op 5:10 en het ons konings en priesters vir onse Elohim maak, en ons sal as konings op die aarde heers.

1 Pet 2:9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterschap, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,

12.5 Probleme van die Ou Verbond ooreenkoms gemaak met Israel by die Sinai berg

Jos 24:19 Maar Josua het vir die volk gesê: Julle kan Yahweh nie dien nie, want Hy is 'n heilige Elohim, Hy is 'n jaloerse Elohim; Hy sal julle oortreding en julle sondes nie vergewe nie.

Jos 24:20 As julle Yahweh verlaat en vreemde gode dien, sal Hy julle weer kwaad aandoen en julle vernietig, nadat Hy aan julle goed gedoen het.

Jos 24:21 Toe sê die volk vir Josua: Nee, maar ons sal Yahweh dien.

Jos 24:22 Daarop sê Josua aan die volk: Julle is getuies teen julleself dat julle vir julleself Yahweh gekies het om Hom te dien. En hulle sê: Ons is getuies.

Jos 24:23 Verwyder dan nou die vreemde gode wat onder julle is, en neig julle hart tot Yahweh, die Elohim van Israel.

Jos 24:24 Daarop sê die volk aan Josua: Ons sal Yahweh onse Elohim dien en na sy stem luister.

Jos 24:25 En op dié dag het Josua met die volk 'n verbond gesluit en vir hulle 'n insetting en 'n reg vasgestel in Sigem.

Jos 24:26 En Josua het hierdie woorde in die wetboek van Elohim geskrywe en 'n groot klip geneem en dié daar opgerig onder die eikeboom wat by die heilige plek van Yahweh is.

Jos 24:27 Toe sê Josua aan die hele volk: Kyk, hierdie klip sal 'n getuie teen ons wees, want hy het al die woorde van Yahweh gehoor wat Hy met ons gespreek het; en hy sal 'n getuie teen julle wees, sodat julle jul Elohim nie verloën nie.

Deut 27:26 Vervloek is hy wat die woorde van hierdie wet nie hou om dit te doen nie; en die hele volk moet sê: Amen.

Die groot struikelblok in die Ou Verbond was dat slegs onopsetlike sondes vergewe kon word. Selfs op Yom Kippur, wat dekking en nie verwydering beteken, was die sondes van jaar tot jaar bedek, maar nie verwyder nie. *Deut 27:26* bevestig dat die Israeliete hulle eie lot geseël het toe hulle ingestem het om vervloek te word as hulle enige van die wette sou verbreek. Vir die mens is dit onmoontlik om al die wette van Yahweh te na te kom en te gehoorsaam, daarom was die ooreenkoms van die Ou Verbond 'n verbond van die dood; maar nie die Torah nie, want die Torah is Heilig, regverdig en volmaak.

Lev 4:13 En as die hele vergadering van Israel hulle misgaan sonder dat die vergadering hom daarvan bewus is; en hulle enigiets doen wat Yahweh verbied het, en skuldig word;

Lev 4:14 en die sonde wat hulle so gedoen het, bekend word, moet die vergadering 'n jong bul as sondoffer laat aankom en hom voor die tent van samekoms bring,

Lev 4:15 en die oudstes van die vergadering moet hulle hande op die kop van die bul lê voor die aangesig van Yahweh, en die bul moet voor die aangesig van Yahweh geslag word.

Levitikus handel oor die offer stelsel. Offers was gemaak vir sondes van onkunde en nie opsetlike sonde nie. Dit is ook belangrik om daarop te let dat vergifnis nêrens in die Torah verkry kan word vir die sondes van afgodery, owerspel, moord of laster nie. Die straf vir enige van die sonde is die dood. Wat het Yahshua gesê van moord en egbreek?

Matt 5:21 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg.

Matt 5:22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! Moet verantwoording doen in die helse vuur.

Matt 5:27 Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie.

Matt 5:28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het.

Yahshua het nie gekom om die Torah nietig te verklaar of te ontbind nie. Hy het gekom om dit groot en heerlik te maak. Hierdeur het Hy vir ons gewys dat sonde met 'n gedagte begin; daarom is

elkeen 'n sondaar met die doodstraf as vonnis. Yahweh kyk na die hart en gedagtes van elke mens, en elkeen van ons word verbind met die sondes van moord, owerspel, afgodery en laster; sondes wat nie onder die Ou Verbond vergewe kon word nie; hulle het die doodstraf verdien.

Rom 3:9 Wat dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is,

Rom 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.

Rom 3:11 Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat Elohim soek nie.

Rom 3:12 Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie.

Rom 3:13 Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van anders is onder hulle lippe.

Rom 3:14 Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.

Rom 3:15 Haastig is hulle voete om bloed te vergiet.

Rom 3:16 Verwoesting en ellende is in hulle paaie,

Rom 3:17 en die weg van vrede ken hulle nie.

Rom 3:18 Daar is geen vrees van Elohim voor hulle oë nie.

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlijkheid van Elohim,

Num 15:30 Maar die siel wat iets moedswillig doen, van die kinders van die land of van die vreemdelinge, hy versmaad Yahweh; en dié siel moet uitgeroei word onder sy volk uit.

Num 15:31 Want die woord van Yahweh het hy verag en sy gebod verbreek. Dié siel moet sekerlik uitgeroei word; sy ongeregtigheid is op hom.

Die Israeliete het nie besef dat sonde in die hart en gedagtes begin nie en dat Yahweh dieper kyk na dit wat die mens selfs in hul gedagtegang bedoel. Met ander woorde, hulle het nie besef dat die Ou Verbond 'n verbond van die dood sou wees nie. Joshua het hulle gewaarsku om nie die Ou Verbond met Yahweh te sluit nie, juis omdat hulle sondes nie onder die eerste Verbond vergewe kon word nie en dat die doodstraf oor hul koppe sou hang.

In daardie dae was moord en egbreek nie 'n algemene verskynsel nie, daarom het hulle 'n eiegeregtigheid teenoor die Torah opgebou en nie besef dat almal in die vlees en gedagtegang wet oortreders is. Dit is ook waarom so baie eiegeregtige Fariseërs nie Yahshua as Verlosser wou aanvaar het nie, want dit sou beteken dat hulle hul gevalle natuur en behoefte aan verlossing met nederigheid aan Yahshua moes openbaar, iets wat net kom deur middel van Yahweh se hulp en genade. Om die rede het Yahshua die boodskap van verlossing aan die tollenaars en prostitute meegedeel, omdat hulle besef het dat hulle inderdaad sondaars was en bereid was om te bekeer.

12.6 Kan die bloed van stiere en bokke sonde wegneem?

Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.

Heb 10:2 Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.

Heb 10:3 Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;

*Heb 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan **onmoontlik** die sonde wegneem.*

Matt 5:38 Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand.

Die korrekte interpretasie van die teks is dat die straf gelykwaardig moet wees aan die oortreding. Aangesien ons almal as moordenaars en egbrekers beskou kan word, is die bloed van 'n bul, bok of lam NIE gelyk aan die waarde van ons lewe NIE. Die mens is oor die diereryk aangestel, daarom is 'n menslike lewe meer werd as die lewe van 'n dier. 'n Diere offer kan nie sonde wegneem nie. Die hoofdoel van die Levitiese priesterskap was nie om sondes weg te neem nie, maar om die mense daagliks te herinner dat hulle sondaars was.

12.6.1 Yahweh se ontevredenheid met die sondige natuur van die mensdom wat die ydelike offer sisteem genoodsaak het

Ps 51:9 Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregthede.

Ps 51:10 Skep vir my 'n rein hart, o Elohim, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.

Ps 51:11 Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

Ps 51:15 Yahweh, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig.

Ps 51:16 Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie.

Ps 51:17 Die offers van Elohim is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o Elohim, nie verag nie!

Heb 10:5 Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.

*Heb 10:6 **Brandoffers en sondoffers het U nie behaag nie.***

*Heb 10:8 Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers **wou U nie hê en het U nie behaag nie** - wat volgens die wet geoffer word -*

Yahweh vind geen behae in die doodmaak van onskuldige diere nie, maar het dit toegelaat om die mensdom te wys dat sonde die vergieting van onskuldige bloed meebring. Yahweh wil hê dat ons 'n nederige en berouvolle gees sal kweek, wat probeer om na die beste van ons vermoëns gehoorsaam te wees aan Sy gebooe.

12.7 Geen bemiddelaar tussen Yahweh en die Israeliete voor die goue kalf insident nie

Jer 7:22 Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.

Jer 7:23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n Elohim wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

Jer 7:24 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bouse hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie.

Die Levitiese stelsel, met diere offers en seremoniële wette, was 'n tydelike plaasvervanger totdat Yahshua sou kom om die straf vir sonde ten volle te betaal, en sodoende ook die doodstraf vir elke mens te verwyder onder die eerste Verbond. Die Levitiese orde is die enigste wet wat bygevoeg was (*Galasiërs 3:19*) as gevolg van die sondige natuur van die mens. Daarom, wanneer die ware priesterskap van Yahshua na vore sou kom, sou daar geen rede vir 'n plaasvervanger wees nie.

12.8 Is daar werklik 'n Nuwe Verbond of is die Ou Verbond hernu?

Jer 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek Yahweh, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit;

Jer 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek Yahweh.

Jer 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek Yahweh: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Elohim wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Jer 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken Yahweh; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek Yahweh; want Ek sal hulle ongeregthede vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Heb 8:13 As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning.

Heb 8:9 nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek Yahweh.

Dit is duidelik dat daar 'n Ou en Nuwe Verbond is. Die Ou Verbond was gebaseer op die prinsiep van wat jy saai, sal jy maai. Owerspel, moord, afgodediens en laster was onderworpe aan die doodstraf, omdat dit onvergeeflike sondes was. Volgens die Nuwe Verbond kan alle sondes vergewe word, maak nie saak hoe veragtelik dit is nie, want die sondes word vergewe deur die geloof in Yahshua, die ewige Seun van Yahweh.

Die voorwaarde van volkome vergifnis vir enige sonde onder die Nuwe Verbond is dat die sondaar berou betoon van hul sondige natuur en nie 'n sondige leefstyl handhaaf nie. Hulle moet volkome wegdraai van die sondige dinge, so nie sal Yahshua se gestorte bloed nie van toepassing wees in daardie persoon se lewe nie (*Heb 10:26-32*). In die Nuwe Verbond betaal Yahshua se offer vir die straf van die sonde wat onder die Levitiese orde en die Ou Verbond nie vergewe kon word nie.

Hand 13:38 Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word,

Hand 13:39 en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie.

12.9 Is die Nuwe Verbond 'n beter verbond?

Heb 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.

12.10 Wat maak die Nuwe Verbond beter as die Ou Verbond?

Heb 8:12 Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregtighede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie.

Jer 50:20 In dié dae en in dié tyd, spreek Yahweh, sal die ongeregtigheid van Israel gesoek word, maar dit sal daar nie wees nie; en die sondes van Juda, maar hulle sal nie gevind word nie; want Ek sal vergifnis skenk aan diegene wat Ek laat oorbly.

Die Nuwe Verbond is 'n beter verbond as gevolg van die priesterskap van Melgisédek waardeur sonde vergewe kan word deur die gestorte bloed van Yahshua ons Messias. Dit was nie onder die Levitiese priesterskap of die Ou Verbond aangebied nie. Nou, deur die ewige offer van Yahshua, kan ons sondes vergewe word, ons skuld las betaal word en so kan ons van alle ongeregtigheid gereinig word, so lank ons gehoorsaam bly aan Yahweh. Na die doop en oplegging van hande ontvang ons Yahweh se Heilige Gees wat ons vleeslike, menslike natuur verander na Sy geaardheid van liefde en gehoorsaamheid, sodat ons letterlike kinders van Yahweh is.

12.11 Die priesterskap in die Nuwe Verbond

Heb 7:11 As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was—want met die oog daarop het die volk die wet ontvang—waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie?

Heb 7:12 Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet:

Heb 7:13 omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie.

Heb 7:14 Want dit is volkome duidelik dat onse Messias uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.

Heb 7:15 En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek,

Heb 7:16 een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe.
Heb 7:17 Want Hy getuig: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.
Heb 7:18 Want aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nuttelosheid daarvan,
Heb 7:19 omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot Elohim nader.
Heb 7:20 En vir sover dit nie sonder eedswering was nie—want hulle het sonder eedswering priesters geword,
Heb 7:21 maar Hy met eedswering deur die Een wat aan Hom gesê het: Yahweh het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek—
Heb 7:22 in sover het Yahshua van 'n beter verbond borg geword.

Levi was net 'n skaduwee of voorloper van Yahshua wat die Hoë priester is, volgens die priesterskap van Melgisédek, en nie die Levitiese priesterskap nie.

12.13 Die Levitiese priesterskap het nie die gesag van Yahweh om sondes te vergewe nie

Heb 10:1 Want die wet, wat 'n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.
Heb 10:2 Anders sou hulle opgehou het om geoffer te word, omdat die wat die diens verrig, nadat hulle een maal gereinig is, geen bewussyn meer van sondes sou gehad het nie.
Heb 10:3 Maar in dié offers is daar jaar na jaar 'n herinnering aan die sondes;
Heb 10:4 want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem.

Heb 10:11 En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie;

Luk 5:21 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het begin redeneer en sê: Wie is Hy wat so godslasterlik praat? Wie kan sondes vergewe behalwe Elohim alleen?

Die skrifgeleerdes, fariseërs en priesters het dus geweet hulle offers kon nie sondes vergewe nie; alleenlik Elohim kan sondes vergewe. Yahshua, onder die *Melgisédek* priesterskap, het ook die gesag om sondes te vergewe in die Nuwe Verbond.

Luk 5:23 Wat is makliker, om te sê: Jou sondes is jou vergewe; of om te sê: Staan op en loop?

Luk 5:24 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe sê Hy vir die verlamde man: Ek sê vir jou, staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

12.14 Yahshua het slegs een offer gedoen om die wat in Hom glo se sondes te vergewe

Heb 10:12 maar Hy het, nadat Hy een slagoffer vir die sondes gebring het, vir altyd gaan sit aan die regterhand van Elohim

Heb 10:13 en wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n voetbank van sy voete.

Heb 10:14 Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.

Heb 9:11 Maar Messias, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,

Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.

Heb 9:13 Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees,

Heb 9:14 hoeveel te meer sal die bloed van Messias, wat Homself deur die ewige Gees aan

Elohim sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende Elohim te dien.

Heb 9:15 En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang.

Heb 9:24 Want Messias het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van Elohim vir ons te verskyn;

Heb 9:25 ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie,

*Heb 9:26 want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou **het Hy een maal** in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen.*

Heb 9:27 En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel,

Heb 9:28 so sal Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

2 Kor 5:21 Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van Elohim in Hom.

12.15 Yahshua se offer is aanhoudend tot in ewigheid, daarom het gelowiges geen ander offer nodig, behalwe die aanvaarding van die offer wat Yahshua gemaak het toe Hy gekruisig was nie.

Heb 10:16 want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek Yahweh verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,

Heb 10:17 en aan hulle sondes en hulle ongeregthede sal Ek nooit meer dink nie.

Heb 10:18 Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.

12.16 Die offer van die paaslam is nie vandag meer van toepassing nie

Johannes die Doper het verstaan dat Yahshua die Pasgalam was.

Joh 1:29 Die volgende dag sien Johannes Yahshua na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van Elohim wat die sonde van die wêreld wegneem!

Joh 1:36 en toe hy Yahshua sien wandel, sê hy: Dáár is die Lam van Elohim!

12.17 Yahshua het in die openbaar verklaar dat Hy die vervulling van die Nuwe Testament Pasga is en dat die nuwe simbole van brood en wyn ingestel word om Hom te onthou as die ware Pasgalam.

Joh 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

Joh 6:53 En Yahshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

Die woord "vlees" word gebruik om die leser te help verstaan dat die woord verwys na die ewige lewe van die Lam van Yahweh en nie net die eet van 'n lamsvleis maaltyd nie. Die bloed was nie in die "vlees" nie maar apart want dit het uit Sy liggaam gestort. Dit het die weg gebaan vir die hele mensdom om die ewige lewe te ontvang deur die vergewing van sondes wat deur Messias se offer moontlik gemaak was. Die nuwe embleme was 'n vervanging van en nie 'n toevoeging tot die fisiese lam nie.

12.18 Die apostel Paulus het bevestig dat die simbole van Yahshua se liggaam en uitgestorte bloed nie 'n fisiese lam is nie en het gewys wat die Nuwe Verbond simbole is.

1 Kor 11:20 *As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van Yahweh eet nie.*

1 Kor 11:21 *Want as julle eet, gebruik **elkeen eers sy eie ete**; en die een het honger en die ander is dronk.*

1 Kor 11:22 *Het julle dan geen huise om in te eet en te drink nie? Of verag julle die gemeente van Hierin prys ek julle nie.*

1 Kor 11:23 *Want ek het van Yahweh ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat Messias Yahshua in die nag waarin Hy verraai is, **brood geneem het**;*

1 Kor 11:24 *en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: **Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.***

1 Kor 11:25 *Net so ook **die beker ná die ete**, met die woorde: **Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.***

1 Kor 11:26 *Want so dikwels as julle hierdie **brood eet en hierdie beker drink**, verkondig julle die dood van Messias totdat Hy kom.*

Die aandete van 'n volle Pasga maaltyd word nie meer waargeneem nie, aangesien elke persoon eers sy eie ete in eie huis genuttig voordat almal saam byeenkom vir die neem van die simbole. Paulus het dit ook so duidelik gestel (verse 23 – 25). Die Pasga word jaarliks waargeneem omdat Elohim dit vir ewig ingestel het (Eks 12: 17, 24). Maar ons slag nie meer 'n lam vir die Pasga maaltyd nie aangesien die "Lam van Yahweh", Yahshua, een maal vir ons almal geoffer was.

Die letterlike paaslam was 'n voorganger vir dit wat Yahshua vir ons sou doen. '*...so sal Messias ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid. (Heb 9:28).* In plaas van die paaslam het ons die ongesuurde brood, simbolies van Yahshua se gebroke liggaam en die wyn, simbolies van Sy gestorte bloed. Die simbole word geneem as aandenking aan ons Verlosser se lyding en dood vir ons sondes. Dit is Yahshua, en nie 'n skaaplam, wat ons Pasga is (1 Kor 5:7).

*Eks 12:14 En **hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees**, en julle moet dit as 'n fees tot eer van Yahweh vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.*

Die dag van die Pasga is 'n aandenking vir alle geslagte. Let wel, dit is die dag en nie die slag van 'n lam wat 'n gedenkteken is en vir al die geslagte onthou moet word nie. Hoewel die dag dieselfde bly, het Yahweh die Skepper die reg om die simbole van die seremonie te verander, wat Hy wel gedoen het met die laaste Pasgamaal wat Yahshua waargeneem het.

*Matt 26:26 En terwyl hulle eet, neem Yahshua die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: **Neem, eet, dit is my liggaam.***

*Matt 26:27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: **Drink almal daaruit.***

Matt 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

12.19 Hoeveel lammers was veronderstel om vir die Pasga geoffer te word?

*Eks 12:3 Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: **Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families**, 'n lam vir 'n huisgesin.*

Eks 12:5 Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem.

Eks 12:6 En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

1 Kor 5:7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Messias.

Slegs een lam was geoffer per gesin, nie meer nie. Die Skrif sê duidelik dat Yahshua ons Pasga offer is en dat Sy offer vir ewig is. Jaarliks neem ons die brood en wyn as simbool om ons te herinner aan Sy gebroke liggaam en Sy bloed wat vir ons gestort was as die lewende Pasga offer.

Jes 53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders —ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

12.20 Die belangrikheid van die Pasga vir 'n nuwe verbond gelowige

1 Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Meester totdat Hy kom.

1 Kor 11:27 Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Meester drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Meester.

1 Kor 11:28 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.

1 Kor 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Meester nie onderskei nie.

1 Kor 11:30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

1 Kor 11:31 Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.

Num 9:13 Maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pasga te hou, dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word; want hy het die offer van Yahweh nie op die bepaalde tyd gebring nie. Dié man moet sy sonde dra.

In die eerste Bybelstudie les word verduidelik hoe om die Nuwe Verbond te betree; deur opregte berou van sondes en aanvaarding van Yahshua se bloed word ons vergewe van daardie sondes. Daarna word die persoon gedoop in Yahshua se naam en met die oplegging van hande, deur 'n geordende persoon, word die Heilige Gees ontvang. Dit is wat 'n mens in verbondsverhouding met Yahweh plaas sodat jy Sy kind kan wees. (*Handelinge 2:37-38, Romeine 8:9*).

Let wel, dit is 'n jaarlikse kontrak wat elke jaar met Pasga hernu moet word tot en met die wederkoms van Messias. Ons is veronderstel om ons lewens werklik te ondersoek sodat ons besef waar ons die betrokke jaar misluk het, in diepte besin oor Yahshua, die ware Pasga-offer. Ons moet besin oor die groot offer wat Hy vir ons sondes gedoen het sodat ons vergewe kan word, want ons sou nie onder die eerste verbond vergewe kon word nie. Na hierdie ernstige, selfondersoek en as lid van die Nuwe Verbond kan jy deel in die Pasga offer, deur die neem van die simbole op die aand van die Pasga seremonie.

12.21 In die Nuwe Verbond word diere en ander offers nie deur Yahweh aanvaar nie, want dit kan nie die offer van Yahshua vervang nie.

Jes 66:1 So sê Yahweh: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees?

Jes 66:3 Wie 'n bees as offer slag, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysoffer bring—dit is varkbloed; wie wierook as gedenkoffer bring, is soos hy wat 'n afgod prys. Soos hulle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels,

Jes 66:4 so sal Ek ook hulle ongeluk verkies en wat hulle met skrik vervul, oor hulle laat kom; omdat Ek geroep en niemand geantwoord het nie, Ek gespreek en hulle nie gehoor het nie; maar hulle het gedoen wat verkeerd is in my oë, en verkies wat My nie behaag nie.

12.22 Wie sal Yahweh se genade ontvang in die eindtyd?

Jes 66:2 Want My hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek Yahweh. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord.

Yahweh weerstaan hoogmoediges, maar betoon genade aan die wat nederig is. Slegs deur 'n gees van nederigheid en diensbaarheid kan ons Yahweh tevrede stel; nie deur die doodmaak en offer van 'n dier nie. Dit is hoekom ons ook die voete was; om te wys dat ons nederig genoeg is om enige broer of suster se voete te was.

In die Ou Verbond was die doodmaak van 'n lam op die Pasga 'n skaduwee van die ware Lam van Yahweh wat die sondes van die wêreld weg sou neem en kon net by die tempel in Jerusalem gedoen word. Slegs die eerste Pasga in Egipte was in die huise gedoen omrede Yahweh beplan het dat al die Israeliete 'n koninkryk van priesters moes wees (*Eks 19:6*). Na die goue kalf insident aan die voet van die Sinai berg moes alle offers soos die Pasga offer op die altaar in Jerusalem gedoen word. Ons is ook Melgisédék priesters en nie Levitiese priesters nie, en as Melgisédék priesters is ons lewende offers (*Romeine 12:1-2*), daarom doen ons nie diere offers nie.

12.23 'n Levitiese priesterskap deur Sadok

In *Esegiël* hoofstukke 40-48 word die Levitiese priesterskap deur Sadok beskryf wat in die millennium diere offers sal doen. Dit sal en moet gebeur met Yahshua se wederkoms, wanneer die Huis van Israel uit hul grafte opgewek word (*Ese 37:1-14* en *Dan 12:1-2*) sodat hulle fisiese mens word aangesien hulle gesterf het voor Yahshua se geboorte, onder die Ou Verbond en moet eers leer oor en deel word van die Nuwe Verbond. Niemand weet hoe lank hierdie offers sal duur nie, maar ons weet vir seker dat dit nie vir Nuwe Verbond, verheerlikte wesens sal wees wat saam met Yahshua sal regeer met opstanding nie.

Deut 16:5 Jy mag die pasga nie slag in een van jou poorte wat Yahweh jou Elohim aan jou gee nie.

Deut 16:6 Maar op die plek wat Yahweh jou Elohim sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, moet jy die pasga slag, in die aand teen sonder, op die tyd van jou uittog uit Egipte.

As jy deel is van 'n groep wat nogsteeds 'n lam slag as deel van die Pasga diens, het jy nie deel aan die Nuwe Verbond of die priesterskap van die Melgisédék nie. Daar is duidelik net een Pasga offer. Dit was, is nogsteeds en sal vir altyd Yahshua, die Messias wees (*1 Kor 5:7*). 'n Ware volgeling van Yahshua moet nie eens teenwoordig wees by so 'n diens nie want dit ontken die Messias se lewens offer.

Heb 10:16 want nadat Hy tevore gesê het: Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae, spreek Yahweh verder: Ek sal my wette gee in hulle hart, en in hulle verstand sal Ek dit inskrywe,

Heb 10:17 en aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie.

Heb 10:18 Waar daar nou vergifnis van hierdie dinge is, is daar geen offer meer vir die sonde nie.

Kortlikse samevatting:

- Ons is onder die Nuwe Verbond en nie die Ou Verbond nie.
- In enige verbondsooreenkoms in die Bybel bly die mense, die land en die Torah onveranderd.
- Ons vorm deel van die Melgisédék priesterskap in die Nuwe Verbond en nie die Levitiese priesterskap van die Ou Verbond nie.
- Die enigste wet wat by die Torah op die berg Sinai bygevoeg was, was die Levitiese priesterskap met al die seremoniële wette as gevolg van die goue kalf insident.
- Die Levitiese priesterskap was net 'n voorganger vir die ware Melgisédék priesterskap deur Yahshua gevestig.
- Onder die Nuwe Verbond, sedert Yahshua se offer wat ons sondes vergewe het, is daar geen rede of behoefte om 'n addisionele lam vir die Pasga te offer nie.